

Graan SA's Oggend Markkommentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2015/08/28	2015/08/27		2015/08/18		2015/07/28		2014/08/26		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	
DJIA-index	16655	369.26 ↑	2.3%	16286 ↓	-4.9%	17511 ↓	-5.5%	17630 ↓	-2.6%	17107
Goud (Spot)	1131.03	3.20 ↑	0.3%	1127.83 ↑	1.2%	1117.61 ↑	3.1%	1097.16 ↓	-11.9%	1284.05
Brent \$/vat	48.13	4.00 ↑	9.1%	44.13 ↓	-0.9%	48.56 ↓	-9.3%	53.09 ↓	-53.2%	102.74
1 €: ? US\$	1.1254	-0.003 ↓	-0.3%	1.1287 ↑	1.7%	1.1061 ↑	1.9%	1.1049 ↓	-14.5%	1.3163
1 US\$: ? ZAR	13.12	0.066 ↑	0.5%	13.06 ↑	1.7%	12.91 ↑	4.5%	12.56 ↑	23.0%	10.67
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 892.41	20 ↑	1.1%	R 1 872.54	*CBOT Corn Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Corn Sept 12:00 the previous					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 344.97	-16 ↓	-0.7%	R 2 360.68	*CBOT Wheat Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sept 12:00 the					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 304.13	24 ↑	0.6%	R 4 279.93	*CBOT Soy Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sept 12:00 the previous day					
NuuTste CBOT pryse gedurende oornag handel (Opgeneem tussen 6 a.m. tot 07:00 am vs 12:00 pm die vorige handelsdag)										
Corn Sept 15	366.25	2.00 ↑	0.5%	364.25 ↑	0.0%	366.25 ↓	-2.3%	375.00 ↓	-8.6%	400.50
Corn Dec 15	377.25	1.75 ↑	0.5%	375.50 ↑	0.0%	377.25 ↓	-2.1%	385.50 ↓	-7.5%	408.00
Wheat Sept 15	486.25	-5.75 ↓	-1.2%	492.00 ↓	-1.6%	494.25 ↓	-4.8%	510.75 ↓	-19.6%	604.75
Soybeans Sept 15	892.50	0.50 ↑	0.1%	892.00 ↓	-2.3%	913.25 ↓	-8.4%	974.75 ↓	-14.5%	1044.00
NuuTste MTM pryse (Opgeneem tussen 07:00 am - 08:00 am op die laaste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand (Rande / tonne)										
SORGHUM Sep 15	3050.00	0.00 ↑	0.0%	3050.00 ↑	0.0%	3050 ↑	0.0%	3050 ↑	26.0%	2420
WMAZ Sep 15	3019.00	-42.00 ↓	-1.4%	3061.00 ↑	2.1%	2956 ↓	-2.2%	3088 ↑	75.1%	1724
WMAZ Jul 16	2732.00	-13.00 ↓	-0.5%	2745.00 ↑	3.8%	2631 ↑	6.5%	2565 ↑	45.9%	1873
YMAZ Sep 15	2750.00	-21.00 ↓	-0.8%	2771.00 ↑	3.3%	2663 ↑	2.7%	2679 ↓	54.2%	1783
YMAZ Jul 16	2541.00	-24.00 ↓	-0.9%	2565.00 ↑	3.5%	2454 ↑	6.8%	2379 ↑	34.1%	1895
SOY Sep 15	5115.00	15.00 ↑	0.3%	5100.00 ↑	2.5%	4989 ↑	3.6%	4937 ↓	-2.4%	5240
SOY Mar 16	5081.00	21.00 ↑	0.4%	5060.00 ↑	1.3%	5016 ↑	0.6%	5050 ↓	-3.6%	5272
SUN Sep 15	5615.00	-12.00 ↓	-0.2%	5627.00 ↓	-1.7%	5715 ↑	2.2%	5493 ↑	34.0%	4190
SUN Mar 16	5393.00	0.00 ↑	0.0%	5393.00 ↓	-0.1%	5400 ↑	2.2%	5288 ↑	23.3%	4375
WHEAT Sep 15	4110.00	-5.00 ↓	-0.1%	4115.00 ↑	1.5%	4050 ↑	2.6%	4 004 ↑	10.9%	3705
WHEAT Dec 15	4137.00	-12.00 ↓	-0.3%	4149.00 ↑	1.6%	4070 ↑	6.1%	3900 ↑	13.3%	3650

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Eksterne markfaktore: Vanoggend het die Rand met 0.5% teenoor die VSA Dollar verswak (vanaf die vlakke van gistermiddag). Die Rand verhandel tans teen R13.12 en behoort plaaslike kommoditeitspryse te ondersteun.

Mielies: Plaaslike uitkyk - tydens gister se verhandeling het mieliepryse laer gesluit a.g.v. laer pariteitspryse. Die pariteitspryse is vandag hoër wat pryse kan ondersteun. Graan SA het die mielie-invoere vir die huidige seisoen (2015/16) op 750 000 ton beraam; geëlmielie-invoere is geskat op 700 000 ton en witmielie-invoere op 50 000 ton. Sowat 29% (217 750 ton) van hierdie geskatte volume is reeds ingevoer.

Internasionale uitkyk - Chicago mieliepryse was hoër vanoggend a.g.v. beter as verwagte VSA uitvoersyfers. VSA weeklikse mielies-uitvoere staan op 986 600 ton, wat bo die markverwagtinge van 450 000 ton is. Die Internasionale Graanraad se data het pryse negatief beïnvloed - hulle het die 2015/16 wêreldproduksie van mielies met 2 miljoen ton opwaarts aangepas a.g.v. gunstige vooruitsigte van die VSA mielie-oes. Die huidige wêreldproduksie staan op 968 miljoen ton.

Sojabone: Plaaslike uitkyk – sojaboonpryse het tydens gister se verhandeling hoër gesluit. Vandag se pryse kan waarskynlik weereens ondersteun word a.g.v. hoër pariteitspryse.

Internasionale uitkyk – Internasionale sojaboonpryse was hoër vanoggend a.g.v. beter VSA weeklikse uitvoersyfers. VSA se weeklikse uitvoersyfers het gestaan op 1 475 400 ton, wat vër bo die markverwagtinge van 600 000 ton is. Die Graanraad het die wêreldproduksie van sojabone met 2 miljoen ton tot 310 miljoen ton verhoog wat druk op pryse kan plaas. Hierdié produksieskatting is nog steeds laer as die vorige seisoen se skatting van 316 miljoen ton.

Koring: Internasionale uitkyk - internasionale koringpryse is laer vanoggend weens 'n opwaartse hersiening in die wêreld koringproduksie. Die Internasionale Graanraad het die 2015/16 wêreld koringproduksie skatting op 720 miljoen ton beraam, wat 10 miljoen ton hoër as die vorige skatting is. Die wêreld voorrade is ook met 5 miljoen ton opwaarts aangepas tot 206 miljoen ton. Vooruitsigte - oor die kort termyn kan pryse onder druk bly weens laer pariteitspryse.

Vir verder navrae, kontak asb: Wandile Sihlobo, Email: wandile.sihlobo@grainsa.co.za

Plaaslike Markinsigte & Data: [SAGIS Weekly Export and Import Data: 01/09/2015](#)

Internasionale Markinsigte & Data: [USDA's Crop Progress Data: 31/08/2015](#)